FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK


# Die Wapad

JAARGANG XIX | WOENSDAG, 6 MEI 1964 | NR. 5

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.



**CLAASSEN & GROBLER (EDMS.) BPK.**
Kerkstraat 193
POTCHEFSTROOM
★ MANS-, SPORT- EN KINDERUITRUSTERS


# GESLAGREGISTERS VAN DIE MENS BLY HIPOTESE

## SIENING VAN EWOLUSIE

**„PROF. ELOFF, professor in genetika aan die Universiteit O.V.S., het Woensdagaand die 22ste April 'n insiggewende toespraak gelewer voor die lede van Korps V.V. In 'n vakkundige benadering van die probleem, het hy belangrike feite genoem wat die radikale ewolusionisme grondig weerlê. Afgesien van die sg. „gaping" tussen mens en dier het prof. Eloff op genetiese grondslag aangetoon dat daar nie gronde is vir die teorie dat die mens se voorouers 'n dier is nie. Die benaming „mensaap" en „aapmens" is dus misleidend en suggereer meer as wat op grond van morfologieë en genetiese feite beweer kan word.**

Wat wel as feit aanvaar moet word, is die lang geologiese periodes waarvan die wetenskap ons leer, omdat dit gebaseer is op feite wat nie weerlê kan word nie. Die Darwinistiese gedagte van „Survival of the fittest" is ook bevraagteken aangesien die bewyse groot is dat as 'n soort te goed aangepas is by sy omgewing, dit op die drumpel van ondergang staan. Hier het hy die interessante vergelyking tussen die Afrikaner en die Boesman aangehaal. Laasgenoemde is so oorgespesialiseerd dat hulle op die punt van uitsterwing staan. Oorspesialisasie lei tot die verarming aan gunstige faktore wat oorgeërf kan word.

**Die volgende probleem wat prof. Eloff aangepak het, was die ooreenstemming tussen soorte en dat dit deur ewolusioniste aangegryp word om afstamming te bewys. Hierdie soort bewys vir ewolusioniste is egter baie twyfelagtig, aangesien daar baie soorte diere is wat glad nie tot mekaar herleibaar is nie alhoewel hulle tog dieselfde eienskappe besit. Die ooreenstemming het deur omgewingsfaktore en lewensgewoontes te voorskyn gekom en moet nie tot gemeenskaplike afstamming teruggevoer word nie.**

Prof. Eloff het ook verwys na die opspraakwekkende vonds van Leakey. Hy het in Tanganjika die reste van 'n volledige menslike skelet opgegrawe wat ouer en beter ontwikkeld is as die sg. Java- en



**PROF. ELOFF**

Pekingman, wat op ongeveer 'n half miljoen jaar oud geskat word. Die sg. „mensape" wat in dieselfde tyd gelewe het, kan dus nie meer beskou word as die direkte voorouers van die mens nie.

Prof. Eloff beskou die mens as 'n besondere skepping wat nie tot enige dier herlei kan word nie, allermins tot 'n bobbejaan. Syns insiens is 'n hond baie nader aan 'n mens vanweë sy vermoë om dinge te kan aanleer terwyl 'n bobbejaan slegs instinktiewe handelinge verrig. Volgens Leaky is die groot-ape slegs verwant aan die mens in die sin van neefs wat meer as 'n miljoen keer van mekaar verwyderd is. Om 'n geslagsregister van die mens te gee, bly vandag nog slegs 'n hipotese. Ooreenstemmings kan aangetoon word, maar voorouers nie.

Oor die algemeen kan gesê word dat die lesing van prof. Eloff 'n duidelike beeld gebied het van die wye veld waarmee mens te doen het as die probleem van ewolusie behandel word. Verder het dit duidelik aangetoon dat die ewolusieteorie nie so stewig staan as wat sy voorstanders wil voorgee nie.

# Volkspelers is gekeur

Die Volkspelekeuring vir die Kunsfeesgroep het Maandagaand, 27 April, in die Totiussaal plaasgevind onder leiding van mnre. Van Rooyen (ere-lid van die P.U.-Volkspelelaer) en Van der Walt (lid van die nasionale Raad vir Volksang en Volkspele).

Die opkoms was uitstekend die mededinging sterk, en dit moes dus 'n moeilike taak gewees het om twaalf pare uit die groot getal aspirante te kies.

Verlede jaar het die Volkspelegroep in Pretoria 'n derde plek verower toe mnr. Klasie Heystek en mej. Hermine le Roux as leier en leidster onderskeidelik opgetree het.

Die leier en leidster is vanjaar „egpaar" Pieter en Martie van der Walt.

## Eerste S.A. Student

**So pas het die eerste publikasie van die ,S.A.-student' verskyn.**

**Die ,S.A. Student' word uitgegee as publikasie van die Afrikaanse Studente Persunie. Daar sal gedurende die loop van hierdie jaar ongeveer vier uitgawes verskyn, in sowel Afrikaans as Engels. Die Engelse publikasies word gedruk met die oog op oorsese verspreiding. Die Studente oorsee moet die regte feite in verband met Suid-Afrika leer ken, in teenstelling met die wanvoorstellings wat deur sommige instansies daar versprei word. Die doel van die Afrikaanse uitgawe is om die Afrikaanse instansies nader aanmekaar te bind deur 'n gesamentlike koerant.**

**Mnr. Marius Aucamp is Hoofredakteur van beide die koerante en as sulks doen hy baanbrekerswerk. Die reeds verskene publikasies het alreeds bewys dat hy blaaie van hoogstaande gehalte sal uitgee.**

# BEKENDE KUNSTENAARS TREE OP IN MUSIEKKONSERT



**Professor en mevrou Van Rooy verkeer gesellig met sommige van die ere-gaste.**

**(Foto Fotokuns).**

**ONS HUIS se meesterkonsert is reeds iets van die verlede en dit kan met reg gesê word dat die konsert 'n reuse sukses was. Die kunstenaars wat opgetree het, was almal bekende verhoogpersoonlikhede nl. Gert Potgieter, Nohline Mitchell, Brain Morris en Elsie Scheepers. As 'n mens na hierdie name kyk, dan is dit duidelik dat dit 'n konsert uit die boonste rakke was. Wat besonder prysenswaardig van hierdie kunstenaars was, was die feit dat hulle verniet opgetree het. Ons Huis se dames was sprakeloos oor die mooi gebaar.**

Die wyse waarop die gehoor gereageer het was 'n duidelike bewys van die groot mate van byval wat die kunstenaars by die gehoor gevind het. Telkens was die kunstenaars verplig om 'n toegif te lewer. Selfs rose is op die verhoog gegooi as blyk van bewondering.

Die opbrengs van hierdie konsert gaan vir die aankoop van meubels vir die sitkamer van Ons Huis.

Die kunstenaars het hulle aandete in die Heimat-eetsaal genuttig en is baie hartlik deur die studente ontvang. Op tradisionele wyse is hulle verwelkom met die gestamp van voete. By hierdie ete was verskeie eregaste teenwoordig, nl. die burgemeesterspaar, die huisvader, prof. C. P. v. d. Walt, die besoekende kunstenaars en mev. Heslinga. Dat die kunstenaars hulle besoek aan ons Universiteit baie geniet het, spreek uit die woorde van mev. Nohline Mitchell: „Ek het lanklaas soveel gesdrif op 'n plek gesien." Nohline Mitchell is 'n beroemde S.A. alt. Klawerhof is vereer deur die vermaarde sanger,

Vervolg op bladsy 3.

# OP EIE HOUTJIE

Kuns en kunswaardering speel vandag 'n heel belangrike rol in die mens se geestesontwikkeling. Die kuns bestaan egter nie selfstandig of onafhanklik nie.

„Kuns" is 'n heel rekbare begrip waaroor 'n oningewyde hom nie durf uitlaat nie. Dit is egter gevaarlik om kuns met 'n hoofletter „K" te skryf en as sodanig te beskou. Dit bestaan nie, want dan het die kuns 'n afgod geword en is die kunstenaar ondergeskik aan die kuns en nie meer omgekeerd soos dit hoort nie.

Die meeste mense hou daarvan om op 'n skildery te sien wat hulle ook in werklikheid graag wil sien. Ons hou almal van natuurskoon en ons voel dankbaar teenoor die kunstenaars wat dit in hulle werke vasgelê het. Hierdie kunstenaars selfs sou ons ook nie oor ons smaak afjak nie.

Sodra ons die studie van die kuns opneem, ontdek ons ook gou dat die skoonheid van 'n skildery nie werklik van die skoonheid van die onderwerp afhanklik is nie. Die groot Duitse skilder, Albrecht Dürer, het sy skildery van sy moeder so 'n waarheidsgetroue studie van die afgesloofde ouderdom gemaak dat ons dit skokkend sal vind en daarvan sal wegdraai. Maar as ons onsself teen ons eerste weersin kan verset, sal ons ryklik beloon word, want die tekening is 'n meesterstuk.

Die doel van die studie van die kunste is nie om eerstens mekaar se tonge los te maak nie, maar om mekaar se oë te leer oopmaak.

Om die kuns te bestudeer, is om op 'n ontdekkingsreis te gaan: jy weet nooit vooraf wat jy saam terug sal bring nie.



## Kristie Jordaan in hoofrol

„MOEDER IERLAND", 'n vertaling uit Engels van Keats, sal deur die Puk-studente opgevoer word tydens die A.S.B.-Kunsfees in Julie. Kristie Jordaan (wat ook die regie sal waarneem) speel in die hoofrol saam met Arrie de Beer, Chris Aucamp, Abrie le Roux, Herma Roux en Isebel Schlebusch in die newe-rolle.

## Alabama gaan nie toer

Alabama gaan vanjaar, vir die eerste keer in 21 jaar, nie toer in die wintervakansie nie. Die rede hiervoor is hoofsaaklik dat hulle nie geskikte stof kon vind vir 'n opvoering nie. Intussen is Nesco du Toit en André P. Brink besig om te voorsien in hierdie behoefte.

Alabama sal egter 'n stuk voorberei en daarmee na al die omliggende dorpe van Potchefstroom gaan.

Uit Alabam het daar al 'n kwartet tot stand gekom wat ook sal deelneem aan die opvoerings. Die kwartet bestaan uit mnre. Jan Louw (tenoor), Marnus Roothman (bas), Nic Enslin (le bariton) en Johan van Rensburg (2e bariton).

## HET U GEWEET . . .

- Dat die wêreldbevolking die afgelope tien jaar gestyg het met 1,000 miljoen en dat die totale wêreldbevolking nou te staan kom op nagenoeg 6,000 miljoen?
- Dat hartkwale die oorsaak is van 31 persent van alle sterfgevalle in Westerse lande?
- Dat 'n opname van die Wêreldorganisasie in 22 lande getoon het dat kanker meestal die dood veroorsaak in die ouderdomsgroep 45 tot 64?
- Dat die markwaarde van gewone aandele op die Johannesburgse Effektebeurs vir die kwartaal geëindag Maart 1964 met nagenoeg 40 persent gestyg het om sodoende te staan te kom op R8,348,700,000?
- Dat die verhoging in die wêreldbevolking 'n gevolg is van verlaagde sterftesyfer, eerder as 'n verhoogde geboortesyfer?
- Dat mnr. Jonathan Young verantwoordelik is vir die opstelling van die Grondwet vir die Republiek van Suid-Afrika, en dat hy reeds veertig jaar lank al wette opstel?

# FEESTE IN EUROPA

As daar van u is wat vanjaar gelukkig genoeg is om in Europa te toer, vang u 'n groot aantal populêre musiekfeeste onder een hoedjie. Hierdie feeste word in sewentien verskillende provinsies en in agt-en-twintig verskillende dorpe aangebied.

Om die weelde van hierdie feeste by u tuis te bring kan u net let op 'n paar van die programuittreksels van 'n paar dorpe.

Die feesweek in Athene duur van die 15e Julie tot die 20e September en bied onder andere aan 'n konsert van die Weens Philharmoniese orkes met Herbert von Karajan as dirigent. Benewens dit bied hulle ook simfoniekonserte, teaterwerke (tragedie- en komediespele), balletuitvoerings en operas aan.

In Berlyn waar die fees van 13 September tot 4 Oktober duur, sal ook daagliks gedurende hierdie tyd opvoerings en vertonings van Afrikaanse akteurs, sangers en dansers plaasvind. In hierdie tyd hou die Kuns-Akademie ook 'n kunsuitstalling met die tema: DIE PRIMITIEWE EN DIE MODERNE en ook 'n uitstalling: MEESTERWERKE VAN DIE AFRIKAANSE KUNS. Die TOWERFLUIT van Mozart word ook met die fees opgevoer en ook verder talle ander konserte, balletuitvoerings en dramas.

Richard Strauss kry ruime erkenning in die fees in München wat van 17 Julie tot 16 Augustus gehou word. Onder andere DIE ROSEKAVALIER en ARABELLA.

In Zürich word Shakespeare in vier tale aangeied: onder andere KING HENRY DIE 5de, THE MERCHANT OF VENICE en THE TEMPEST.

Saam met hierdie Europese feesvierings val ook die Shakespeare-feesjaar in Engeland. Shakespeare se 400-jarige verjaardag is op 23 April feestelik gedenk en gepaardgaande hiermee vind ook feesvierings oor die hele wêreld plaas.

# Ons Universiteitsbiblioteek

**Dit is vir meeste van ons studente 'n bekende feit dat die Universiteit oor 'n biblioteek beskik, soos dit ook die geval is met alle ander universiteite in ons land. Die werklike doel en funksies van die biblioteek word egter nie altyd deur die studente besef nie en die dienste wat gelewer kan word, nie behoorlik na waarde geskat nie. Dit moet altyd onthou word dat die biblioteek nie net 'n gebou met boeke is waar 'n mens die enkele boeke wat jy nodig mag hê, kan leen nie, of waar jy kan gaan sit en studeer of die jongste koerante kan gaan lees nie, maar dat dit 'n lewendige versameling boeke is wat versamel word om die universiteit van diens te wees in die uitvoering van sy belangrikste funksies, nl. die oordra van kennis en kultuur en die onderrig van studente.**

By sy eerste kennismaking met die biblioteek is die student gewoonlik beïndruk deur die groot aantal boeke wat hy daarin sien. As die geweldige boekproduksie in die hele wêreld, wat die gevolg is van die snelle groei en ontwikkeling van die wetenskap, egter in gedagte gehou word, verteenwoordig die skamele 170,000 boekdele waaruit hierdie biblioteek bestaan maar 'n minimale gedeelte van wat daar in die wêreldliteratuur beskikbaar is.

Hierdie 170,000 boekdele is egter sorgvuldig gekeur om aan die behoeftes van dosente en veral voorgraadse studente te voorsien en verteenwoordig 'n versameling boeke wat nodig is vir studie en onderwys aan die universiteit. Die biblioteekversameling is dus 'n basiese gebruiksartikel vir die uitvoering van die daaglikse aktiwiteite van die universiteit, daarom is die universiteitsowerhede bereid om jaarliks soveel geld aan die biblioteek te bestee. In 1964 word daar bv. 'n totaal van R96,000 aan die Ferdinand Postma-Biblioteek bestee, waarvan R56,000 vir personeel bedoel is en R35,000 vir boeke en tydskrifte. Hoewel die biblioteek tans 31 personeel het, en jaarliks ongeveer 10,000 boeke by die versameling voeg en op 2,467 verskillende tydskrifte ingeteken is, is hierdie bedrag slegs genoeg om aan die heel dringendste behoeftes te voorsien.

Met die besteding van hierdie bedrag word daar egter tog vir die gebruiker, en veral vir die student, fasiliteite beskikbaar gestel wat vir hom onmisbaar is vir sy studies. Alle biblioteekgebruikers kan dus met vrymoedigheid gebruik maak van die dienste van die biblioteekpersoneel, want dit is waarvoor hulle daar is. Om egter die regte gebruik van die biblioteek te maak, is dit noodsaaklik om te weet hoe om dit te gebruik en daar word gehoop om in volgende uitgawes enkele praktiese wenke in verband met biblioteekgebruik te verskaf.

P. AUCAMP

## GESLAAGDE UITSTAPPIE

Ongeveer 45 Pukke het Saterdag, 18 April na die opvoering van HAMLET in die stadskouburg van Johannesburg gaan kyk wat deur P.A.C.T. aangebied is.

Alhoewel dit 'n stuk is wat vier uur lank duur, het die vertolker van die hoofkarakter, Francois Swart, en sy medespelers meesterlik daarin geslaag om die aandag van die toeskouers te behou. Francois Swart was veral uitstekend in die openingstoneel, waar hy dadelik uitgeken word as Hamlet omdat hy so 'n kontras vorm met die gewone hoflewe. Die toneelspel van Hamlet was baie oortuigend veral in die besonder moeilike dele waar die gees van sy vader met hom praat.

# MAATSKAPLIKE SORG

## Toer na Brits- en Sonop-nedersetting

Die tweede- en derdejaarstudente in Maatskaplike Sorg, onder leiding van mev. A. A. E. van der Merwe, het op 16 en 17 April 'n studietoer na Brits en omstreke onderneem.

Donderdag is die Toergroep deur mnr. Venter van die Sonop-nedersetting ontvang en het hy die groep by die Sonop Ouetehuis besoek laat aflê. Dit is opvallend dat 'n groot persentasie van die inwoners van die Ouetehuis nie meer in staat is om hulleself te help nie. Die personeel sorg egter baie deeglik ook vir hirdie oues van dae. Die oudste inwoner was reeds 93 jaar, en is een van dié wat die noodsaaklikste take nog self kan verrig.

Dieselfde aand het mnr. Malan die groep aan huis van mnr. Venter toegespreek oor die opvoedingsgeleenthede vir die kinders van die nedersetters. Mnr. Malan is die plaaslike skoolhoof. Uit sy mededelings het geblyk dat slegs 'n geringe persentasie van die nedersetters se kinders so ver as matriek studeer maar dat daar steeds 'n styging van hierdie persentasie ondervind word.

Die volgende dag is o.a. besoek afgelê by 'n aantal van die nedersetters se wonings, die Ouetehuis van mev. Kock op Brits asook by een van die omgewing se sitrusplase. Die Ouetehuis van mev. Kock is 'n uitnemende voorbeeld van hoe privaat inisiatief aangewend kan word in die versorging van oues van dae. Mev. Kock versorg haar eie gesin en met behulp van net drie verpleegsters word ook nog 48 oumense versorg waarvan 'n groot persentasie bedlêend is. Volgens mev. Kock is hierdie onderneming in die geloof aangepak en selfs 'n groot finansiële las kon haar ywer vir die saak nie demp nie.


CASTLE LAGER

Geniet dit koud!




Dit verkwik • Dit bevredig • Dit beur op

Grant 5933/2A

**DIE BULT APTEEK**
TOMSTRAAT 88b en 88c
*KOM KYK NA ONS . . . N-U-W-E PERSEEL!*
*ONDERSTEUN OUD-PUKKE*

**FLEURETTE BLOEMISTE**
Sleep in by Fleurette
*VIR JULLE BLOMME — SPESIALE AFSLAG*
KERKSTR. 143 TEL. 709

**AJAX**
Boeke en Skryfbehoeftes (Edms.) Bpk.
Telefoon 3458 — Posbus 43
Kerkstr. 159, Potchefstroom

**LA VOGUE**
*Die Besigheid van Kwaliteit*
Tel. 440 — Potchefstroom

MOENIE KANSE VAT NIE . . .
*Kies*
**FOTOKUNS**
*vir*
**PORTRETTE**
*en*
**GROEPFOTO'S**
MAAK 'N AFSPRAAK —— SKAKEL NET 3185

BESOEK ONS VIR VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE
**TRANSVALIA MEUBELS**
Tel. 2157 Kerkstraat 180
POTCHEFSTROOM
*„ONS MEUBELS WORD ERFSTUKKE"*

*Die Wapad*
WOENSDAG, 6 MEI 1964

# LAAT ONS ONS BESIN

**Van Pretoria Universiteit en van die Potchefstroomse onderwyserskollege kom onbevestigde berigte van onenigheid met die A.S.B.**

**Dit bring ons fel voor 'n feit te staan. Ons is 'n wederstrewige volk. Die Afrikanernasie, dus ook ons as studente, staan in die tydperk waar sommige invloede van buite verbete probeer om ons eenheid te skaad. In die poging tot verdeeldheid gebruik hulle alle moontlike maniere, soos elke dag gesien kan word in die dagpers. Dit sien ons aan die publikasie wat hulle verleen aan die Broederbond en interne krisisse in die kerke.**

**Saam met ons volk het die A.S.B. as 'n magtige bond van studente geveg vir die regmatige plek van ons moedertaal. Saam met die Nasionale Party was die A.S.B. voorstanders van 'n verenigde S.A., en wel in 'n Republiek. Saam met die volk het die A.S.B. gejuig met Republiekwording.**

**N.U.S.A.S. maak aanspraak op 17,000 lede. Magtig staan die A.S.B. met 'n ledetal wat reik na 27,000 studente. En reeds hierin lê die krag van die A.S.B. Dit gee aan die Afrikanerstudent die reg om uitgesproke te wees en om nie te huiwer as hy aangeval word nie. Dit gee aan die Afrikanerstudent die reg om 'n besluit van A.S.B. te aanvaar as 'n besluit van die meeste studente van Suid-Afrika. Dit gee aan die Afrikanerstudent die reg om nie te buig onder die gesag van N.U.S.A.S. nie.**

**Dat daar krisisse moet kom in enige organisasie is te verstane. Laat ons in die oplossing van sodanige krisisse altyd poog om die eenheid nie daardeur te skaad nie, want dit sal onsself swak maak en kwesbaar maak en eindelik meer skaad as wat ons kan bekostig. Ons krag, ons Universiteit se krag as 'n Afrikaanse Universiteit berus in die eenheid van Afrikaanse studente wat vervat is in die Afrikaanse Studentebond.**

# *Doelgerig Of Doelloos?*

Vandag is die stryd wat die moderne mens moet voer om homself te handhaaf baie meer ingewikkeld as bv. 300 jaar gelede. Die doelgerigtheid van die moderne mens het beslis nie meer die krag as wat byvoorbeeld ons Voorvaders gehad het nie. Selfs die vroue was bereid om die Drakensberge kaalvoet oor te steek—sal ons dit vandag nog kan doen? Daardie doelgerigtheid van die Voorvaders ontbreek egter. Goed, die tyd verander, maar ons kan dit nie as 'n verskoning gebruik nie—veral nie as ons onsself wil handhaaf nie. Ons moet baie meer doelgerig wees met die oog steeds op ons leuse ,,In U Lig'', gerig.

Van baie kante kom daar nadelige invloede wat 'n slegte invloed op ons as studente het. Dit is nie nodig om dit te noem nie, sommige daarvan is voor die hand liggend.

Piet Retief en sy groep trekkers was gedetermineerd om oor die Drakensberge te trek na die ,,Nuwe Land'', hulle het probeer en volhard: wat spreek weer duidelik hieruit? Alleen die doelgerigtheid van die mense. Hoe is dit dan moontlik dat sekere invloede die nasate van die mense op weë kan dwing wat nie pas by hulle lewens en wêreldbeskouing nie? Dit laat die mens ronddobber in die maalstroom van die wêreld en sy denke.

Ongelukkig blyk dat die invloed ook deels onder ons studente sy intrek geneem het. Ons mag vir geen oomblik op eie kragte vertrou nie, maar as Christene behoort ons te weet dat 'n Hoër Hand ons sal lei en rig.

As elkeen gedetermineerd is om sy vooropgestelde doel te bereik dan sal ons weereens 'n ,,Drakensberg'' van wêreldse invloede soos liberale en kommunistiese idees kan beveg en oorkom des te meer gesien in die lig van ,,In U Lig''.

# In U Lig

**MATT. 5 VERS 13.**

**„Die kinders van die Koninkryk van die hemele woon as vreemdelinge in hierdie wêreld. Tog oefen hulle groot invloed uit en gaan daar 'n stille krag van hulle uit."**

Jesus vergelyk hulle daarom met die sout van die aarde. Sout gee smaak aan kos en is verderfwerend. Alhoewel dit so goedkoop is, is dit tog onmisbaar. Nie alleenlik is dit onmisbaar in kos nie, maar dit is ook 'n onmisbare bestanddeel in die menslike liggaam. Maar as sout laf geword het en sy krag en smaak verloor het, beteken dit absoluut niks. Soos vullis word dit weggegooi en vertrap. Sout werk ook stil en ongemerk. Sonder enige reaksie deurtrek dit die kos en gee dit smaak; net so stil word dit in die menslike liggaam opgeneem.

So moet die volgelinge van Jesus Christus ook wees. In hulle lewenswandel moet hulle 'n stille getuienis van Hom wees. Vir Sy kerk hier op aarde is hulle die onmisbare element. Hulle moet die heerlikheid van die evangelie uitdra en versprei in die wêreld. Daarom mag hulle nie laf word nie, want dan is hulle ook waardeloos en kan nie van die wêreld onderskei word nie.

Ons noem onsself Christene, dit wil sê volgelinge van Christus. Daarom spreek hierdie vergelyking ook tot ons en moet ons ons afvra of ons werklik aan die vereistes voldoen. In ons moderne wêreld is daar 'n strewe na gelykstelling en eenheid. Om hierdie strewe te verwesenlik mag daar geen onderskeid gemaak word nie. Dit bedreig die enkeling wat opgeneem word in die massa en by die massa moet aanpas. Sy wandel moet so wees dat hy nie aanstoot gee of te onderskei is nie.

Nou is dit menslik gesproke, ook 'n veel makliker weg om te volg deur maar net in te val met die massa. So beland ons dikwels in 'n geselskap waarvan die peil benede vlak is en ons sal nie probeer om dit te verhoog of te staak nie. In plaas daarvan sal ons miskien nog meedoen of stille luisteraars wees, uit vrees dat as ons sou praat oor die peil van die geselskap, ons of aanstoot sal gee en uitgestoot word, of uitgelag en bespot sal word.

Ons studeer aan 'n Christelike universiteit onder die banier van „In U Lig" en is ook baie trots daarop. Tog vergeet ons soms so maklik dat dit van ons vereis dat ons ons moet openbaar as die sout van die aarde. Dikwels is ons nie te onderskei van die wêreld nie en openbaar ons 'n verlange na die begeerlikhede van die wêreld. Soms vertoon ons die verlange deur ons kleredrag, ons haarstyl of ons optrede teenoor die teenoorgestelde geslag.

Ook in ons koshuise openbaar ons dikwels ons verlange na die begeerlikhede van die wêreld deur te luister na die dubbelsinnige grappe wat vertel word of die liedjies wat gesing word. Hoe maklik sal ons nie meedoen en in daardie atmosfeer verkeer nie in plaas van te vermaan of om dit te vermy. Dit kom selfs voor of ons dit meer geniet as diegene wat daaraan gewoond is. Hoe dikwels gebeur dit nie dat ons Sondagoggend slaap terwyl ons plek in die kerk leeg is nie. Is dit sout nie miskien besig om laf te word nie?

So mag ons as volgelinge van Christus nooit optree nie. Te alle tye moet ons in handel en wandel 'n openbaring wees van Hom. Die sout mag nie laf word nie, want dan sal Christus dit self wegwerp. Laat ons deur blymoedigheid, gehoorsaamheid, reinheid en opregtheid ons openbaar as Sy volgelinge en laat ons as die sout van die aarde infiltreer in die wêreld en so God dien.

# Ekonomiese vereniging toer na Durban

**Waarde Heer,**

**Ons toergroep het op Illovo-strand gekampeer waar ons dan ook die tydjie tot ons beskikking terdeë geniet het. Oor die welwillendheid en vriendelikheid wat ons orals in die stad ontvang het, kan ons nie uitgepraat raak nie. Ons dink aan die Dunlop-maatskappy wat aan ons vervoer in die stad moontlik gemaak het, en hier wil ons graag die name van mnre. Kriel en Garland noem en terselfdertyd ook die Publisiteitsvereniging wat al ons uitstappies so geredelik in hulle druk program ingepas het.**

Die eerste fabriek wat ons besoek het, was die African Explosives and Chemical Industries se kunsmisafdeling. Ons is van voor tot agteruit deur die reuse fabriek geneem.

Ons laaste besoek was aan Felt and Textiles, die grootste skoenfabriek in Afrika. Hulle fabriseer jaarliks 20 miljoen paar skoene met 'n gemiddeld van 10 tot 15,000 skoene per dag. Hulle maak nog grootliks staat op handearbeid van nie-blanke arbeiders wat tot R120 per maand verdien.

Ons wil vertrou dat die Ekonomiese Vereniging nog vele sulke dienste aan die studente sal kan lewer.

Gerhard Scholtemeijer.
(Brief verkort—Red.)

REDAKSIE

**Hoofredakteur: Hennie Viljoen — Tel. X09.**
**Assistenthoofredakteur: Gert de Ru — Tel. X09.**
**Tegnieseredakteur: Danie van Wyk — Tel. X041.**
**Nuusredakteur: Gert Kruger — Tel. X09.**
**Sportredakteurs: Reinie Monster — Tel. X09.**
**Danie van Wyk — Tel. X041.**
**Varia: Paul Steyn — Tel. X041.**
**Adri Griffioen — Tel. X044.**
**Kunsredaktrise: Wilna Kruger — Tel. X044.**
**Interuniversitêr: Hannes van der Walt. — X068.**

# Tennis op en wakker

Die raketswaaiers van die Puk is vanjaar so bedrywig soos selde tevore. Aan geesdrif ontbreek dit veral onder die mansspelers nie. Hiervan getuig die ywerige deelname aan die Wes-Transvaalse kampioenskappe wat tans elke Saterdag op verskillende bane op Klerksdorp afgespeel word. Die P.U.-kampioenskappe is ook in volle swang en die mans-enkelspel het reeds die eerste verrassing opgelewer waar Pieter van der Walt deur Lourens Roux uitgeskakel is. Die ander spelers wat hier nog sake moet uitspook is Theo Malan, Dawie Smith, Lappies Labuschagne en Gerrit Scholtemeijer en 'n baie interessante stryd word verwag met Lappies en Dawie, miskien die manne met die beste kanse.

In die damesenkelspel is daar vanjaar ook die moontlikheid van 'n verrassing waar Marita Brink reeds tot in die halfeindronde gevorder het, waar sy teen Leen Dryer wat eerste gegradeer is, te staan sal kom. Op haar huidige goeie vorm behoort Marita hier beslis as gunsteling op die baan te gaan. Ander aanspraakmakers is Anna Venter en Hettie Jamneck.

In die mansdubbelspel sal sake in die eindronde waar-



Gerrit Scholtemeijer
Foto: Fotokuns

skynlik tussen Lappies en Lourens aan die een kant en Dawie en Theo aan die ander kant beslis word. Ook hier kan geen voorspelling gewaag word nie, want albei pare is ervare dubbelspelers.

Enige paar kan die gemengde dubbelspel buit; tog moet Dawie Smith en Marita Brink as gunstelinge beskou word met Lourens Roux en Louisa Joubert asook Pieter van der Walt en Leen Dreyer as die grootste bedreigings.

Die spelers wat aan die Wes-Transvaalse kampioenskappe deelneem het tot dusver besonder goed gevaar. Lourens en Lappies het albei daarin geslaag om hul eerste wedstryde te wen terwyl Pieter en Dawie elk reeds twee wedstryde gewen het om daarmee tot in die derde ronde te vorder. Saterdag het Pieter vir P. J. van Schalkwyk met 7-5, 6-3 geklop terwyl Dawie in 'n taai stryd 6-4 en 7-5 met P. J. Smith afgereken het. Theo Malan is ongelukkig in die eerste ronde uitgeskakel. Alle nuwelinge is hartlik welkom om hulle by die bane aan te meld.

# KORFBAL

As gevolg van baie swak belangstelling in korfbal, is daar 'n groot te kort aan korfbalspeelsters op die Puk. Spanne moet bymekaar geskraap word wanneer wedstryde gespeel word.

Die wedstryde kan gevolglik nie anders verloop as dat die Pukke as verloorders uit die stryd tree nie.

In die drie wedstryde wat alreeds gespeel is, was dit ooglopend dat die speelsters mekaar nie geken het nie en nie as span kan verdedig of aanval nie.

Daar word 'n beroep gedoen op alle belangstellende Pukdames om meer aandag aan korfbal te gee deur self te kom oefen en sodoende te help dat die korfbalklub nie doodloop nie.

# Pukke speel goeie sokker

Die sokkerklub is vinnig besig om uit te brei en die onlangs gespeelde wedstryde het weer bewys dat daar in die toekoms nog baie van hulle verwag kan word. Op 22 April het die A-span teen Weermag gespeel. Dit was 'n baie mooi wedstryd. Weermag het die B-span vroeër met 13-0 gewen vanjaar en met moeite kon hulle nou slegs 'n 3-2 oorwinning teen die A-span behaal. Weermag het pragtig aangeval in die tweede helfte om sodoende die A-span te klop. Pragtige doelverdediging is gelewer deur C. de Beer, terwyl elke aanval goed gelei is deur P. Steyn. As die manne kan leer om 'n beter posisionele spel te speel en die bal nie doelloos rond te skop nie, sou hulle definitief beter gevaar het.

Op Saterdag 25 April was hulle weer ongelukkig om teen die baie meer ervare Western Reefs te verloor. Die telling was 6-1 en baie goeie spel is gelewer deur Fanie du Plessis en Johan Prins, wat ook die PUK se enigste doel aangeteken het. C. de Beer het veral hier weer uitgeblink en



PAUL STEYN
Foto: Fotokuns

van hom sal in die toekoms nog baie gehoor word. Hy was die steunpilaar vir die hele span.

Die B-span het teen Benfica op Klerksdorp gespeel en sommer in die begin was dit duidelik dat hulle teen 'n baie sterker span speel. Daar was 'n totale gebrek aan samespel en hanteerwerk en sodoende moes hulle met die kous oor die kop huiswaarts keer.

Met die toenemende belangstelling in die koshuisliga behoort die eerste span baie versterk te word en hopelik sal dit een van die sterkste spanne kan opbou wat vir die Puk groot naam kan maak. Daar sal egter nog baie geleer moet word voordat dit verwesenlik sal word.

**'n Woord van geluk aan Fanie du Plessis, wat aan die Wes-Transvaalse proewe deelgeneem het. Ons hoop dat hy plek sal kry en ons wens hom baie geluk en voorspoed toe).—Red.**

# PUK KRY SLAE

## SPELERS ONFIKS

In 'n saai wedstryd het die oud-Puk, Dick Putter, met sy Lichtenburgspan die Pukke verslaan met nege punte teenoor drie. Die wedstryd is gekenmerk deur harde voorspelerspel wat soms geneig het om vuil te word.

Die Pukke het eerste punte gekry toe Spekkies de Villiers met 'n mooi strafskop geslaag het. Gaandeweg het die Lichtenburgers die oorhand gekry en toe Putter in die hoek oorval vir 'n drie, was die koeël deur die kerk. Die Pukke se



SPEKKIES DE VILLIERS
Foto: Fotokuns.

neerlaag is toe te skryf aan 'n gebrek aan samespel. In die lynstane is nie toegemaak nie en die losvoorspelers het nie saam gejag nie. Die voor- en agterspelers het nie goed gekombineer nie.

Jona Viljoen, kaptein van die Pukke, het goed vertoon sowel in die vaste as in die los skrums. Nog 'n speler wat uitgesonder kan word, is Spekkies de Villiers.

**DIE TWEEDESPAN**

Die tweede span het sestien teen nege verloor. Veral Aucamp het puik gespeel. Die onder 20A-span het Klerksdorp 37-3 verslaan. In nog 'n aanskoulike wedstryd het die onder 20B-span Weermag met 28 punte teen 6 verslaan.

# Sokker - liga verloop glad

Op Vrydag 1 Mei was daar weer groot spanning op die sokkerveld. Uitspan en Heimat het weer eens vir groot verrassings gesorg toe hulle teen Dawie Dup en Dorp respektiewelik gespeel het. Dit was die eerste keer dat Heimat op die veld gedraf het en hulle het soos Trojane verdedig teen die baie sterker span van Dorp. Daar was 'n fantastiese gees onder die Heimatters en hulle verdien die grootste lof vir die 1-1 gelykop spel. Dawie Dup (S) wat as die gunsteling beskou is, kan nog nie die hardnekkige weerstand van Uitspan glo nie, wat soos een man gespeel het nie.

In die eerste helfte het albei spanne met mooi spel vorendag gekom en Uitspan kon 'n doel aanteken, terwyl Dawie Dup (S) met 'n strafskop die telling 1-1 met rustyd gelyk kon maak.

Uitspan het toe weer 'n doel aangeteken om dus met 2-1 voor te loop, waarna die wedstryd spannend geword het.

Dawie Dup (S) het alles in die stryd gewerp en was gedurig op die aanval maar kon net nie die verbete Uitspanners klop nie.

Die puntstand in die koshuisliga is:

Uitspan 4; Dorp 3; Dawie Dup (S) 2; Over de Voor 2; Heimat 1; Dawie Dup (N) 0.

# P.U. Manshokkie klub maak skoonskip

Die eerste mans hokkiespan is vanjaar vas beslote om verlede jaar se prestasie te herhaal naamlik om weer eens die liga in Wes-Transvaal te buit. Hulle het nog geen wedstryd verloor nie en die volgende tellings is tot dusver behaal:

teen Strathvaal 2-2 (gelykop),
teen Lichtenburg 1-0 (wen),
teen Witrand 2-2 (gelykop),
teen Weermag 4-0 (wen),
teen Pote 4-1 (wen),
teen Klerksdorp 3-1 (wen).

Daar heers 'n goeie gees tussen die spelers en die standaard van die spel verbeter met elke wedstryd. Die manne is al redelik fiks en die stokwerk toon ook tekens van verbetering. Kaptein Frik de Beer, Dick Daly, Louis Viljoen, Bossie Snyman, Peet Aucamp en Pieter Kempff speel gereeld goeie wedstryde.

Die tweedespan het reeds 2 wedstryde gewen naamlik teen Lichtenburg 3-1 en teen Klerksdorp 3-1. Hier is dit veral „Kid" Krüger en Piet Henning wat stewig vertoon.

Die hokkieklub kan ook met trots melding maak dat nie minder as 8 van hul spelers na die Wes-Transvaalse proewe uitgenooi is nie, nl. Bossie Snyman, Pieter Kempff en Peet Aucamp.

Sterkte word toegewens aan al die genomineerdes.

# LANDLOOP

Die eerste byeenkoms van die seisoen is deur die Pukke gewen met Weermag, Pote, en Strathvaal (wat vir die eerste keer deelgeneem het) tweede, derde en vierde onderskeidelik. Die wenner van die moeilike $6\frac{1}{2}$ myl was Louis Staak in die rekordtyd van 38 min. 3 sek. Leendert Snyman en D. Steyn was tweede en vierde onderskeidelik.

Saterdag vind 'n padwedloop oor sewe myl op Lichtenburg plaas en op 16 Mei vind die eerste ligabyeenkoms op Weermag se baan plaas waar die Puk teen Weermag, Pote teen Lichtenburg en Strathvaal teen nog 'n span van Weermag te staan sal kom.

# DAMESHOKKIE

Met die eerste amptelike hokkiewedstryd van die Pukdames op Saterdag, 18 April, het dit nie voor die wind gegaan nie. Die span, met sy goeie speelsters, kon mekaar nog glad nie vind om 'n eenheid te vorm nie. Die eindtelling was dan ook 2—3 in K.A.A.A. se guns.

Dit is miskien jammer dat die dames hulle eerste wedstryd teen hierdie gedugte span moes speel.

Op Saterdag 25 April, het die wind gedraai en die resultaat was dat die Pukke gelykop gespeel het teen Potchefstroom-dorp, 'n span wat met vyf ervare provinsiale speelsters spog. Die elftal het pragtig saam gespeel om 'n gevaarlike span te vorm.

Die afgelope naweek het hulle teen „Girls' High" gespeel. Weereens kan nie van die span as eenheid gespreek word nie. Die voorlyn het byna geen slaankrag gehad nie en Esté en Elrene was dodelik gemerk deur hulle opponente.

**Die eindtelling: Een doel elk**

# ERKENNING

**Graag wil die redaksie van „Die Wapad" hiermee verskoning aanbied aan Gisela Maiwald vir foto's deur haar geneem en in die vorige uitgawes geplaas wat weens 'n misverstand nie erkenning ontvang het nie.—(Red.)**

RUIKERS VIR ALLE GELEENTHEDE
BOUQUET
BLOEMISTE
Johan Dreyer-gebou Tel. 2002
POTCHEFSTROOM

Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
TOMSTRAAT 92 TELEFOON 1389
POTCHEFSTROOM
★
Mooi Wintermateriaal
★
Nomotta-wol in Voorraad

# PUKKE VAAR GOED

## Eerste Span speel gelykop teen Goldfields - Wes

**Nadat Goldfields-Wes verlede Saterdag met 'n telling van 22—3 teen Western Reefs afgereken het, het die PUK hulle op Saterdag 2 Mei op hulle tuiswerf gaan aandurf sonder staatmakers soos Jan Kruger en Faan van Tonder.**

**Die eerste span het met goeie spel vorendag gekom en daarin geslaag om sy onoorwonne rekord van die afgelope aantal jare op Goldfields se veld te behou. Met rotsvaste verdediging aan die einde van die wedstryd — toe Goldfields verbete aangeval het — is 'n gelykopbeslissing van 6 punte elk afgedwing.**

Die ligter pak voorspelers het hulle man goed gestaan— man vir man — maar veral Sauermann en Bulletjie de Beer het meer as hul deel gedoen. Jona Viljoen het weer 'n kapteinsbeurt gespeel, ondanks die kniebesering wat hy teen die einde van die wedstryd opgedoen het. Dave Tromp was in die vaste spel 'n toring van krag, maar moes in die lynstane teen oud-PUK Herman Venter tweede viool speel. Sy lynstaanspel was egter meer oordeelkundig as dié van sy opponente.

In die agterlyn het Kobie van der Walt oudergewoonte bestendig vertoon met stukkies briljante individuele spel by tye. Dries Redelinghuys het gedoen wat van hom verwag is. Gerrit Scholtemeijer en Danie van Wyk het telkens na werk gesoek. As hulle meer kanse gebied was, sou daar meer as net die een drie van Scholtemijer gekom het.

Spekkies de Villiers se spel het ongelukkig gewissel van uitstaande tot onder die gemiddelde. Sy skopwerk pale toe was ook nie wat dit moet wees nie. Hy het nietemin met 'n goeie strafskop geslaag.

As Theos op hierdie spel kan voortbou en verbeter, kan die wedstryd teen Pote op 30 Mei met vertroue tegemoet gesien word.



DRIES REDELINGHUYS
Foto: Fotokuns.

# P.U. WEN EERSTE JUDO - LIGAGEVEG

In die eerste ligageveg van die jaar het die eerstespan van die Judoklub Vrydagaand 24 April daarin geslaag om Proefplaas te klop.

Hoewel Puk deurgaans mooi judo probeer lewer het, het die teenstanders se samewerking in dié opsig effens ontbreek.

Dries de Jager het, soos altyd, baie vinnig met sy teenstander afgereken en in 'n mooi geveg het Willie van Aarde vir E. Wethli met een punt geklop om so P.U. met een punt te laat wen.

Die tweedespan, wat ook in die eerste liga veg, het besonder goed gevaar, aangesien die meerderheid beginners was. Hier kan veral Tys Lourens en Tys Cronjé se name genoem word. Beide het teenstanders gehad wat heelwat hoër as hulself gegradeer was, maar dié twee gevegte het baie gelykop verloop. Beginner Tys van Dyk het 'n mooi gooi teen sy meer ervare teenstander behaal, en hoewel dié span verloor het, is oor die algemeen aantreklike judo gesien.

## Sportgeselsie deur Rydan

# GROOT PRESTASIE BEHAAL

'n Groot prestasie is die pas afgelope naweek deur een van ons lektore behaal. Dr. C. F. Schoeman, senior lektor aan die Sielkunde Departement van die P.U. vir C.H.O., het naamlik sy Springbokkleure ontvang na afloop van die jaarlikse Bisley Prysskiet wat in Bloemfontein plaasgevind het. Ons nuwe Springbokskut gaan saam met 15 ander Springbokke Suid-Afrika op die Britse Prysskiet-kampioenskappe gedurende Juliemaand verteenwoordig.

Namens al ons sportlesers wil ons Dr. Schoeman van harte geluk wens met sy pragtige prestasie en die hoop uitspreek dat ons as studente sy voorbeeld sal volg.

* * *

Aangesien koshuiswedstryde nou in volle swang is, wil ons graag die mans- en dameshokkieklubs asook die dameskorfbalklub vriendelik vra of hulle nie ook die voorbeeld van die sokkerklub wil volg en 'n inter-koshuisliga wil reël nie. Dit sal die belangstelling vir die verskillende sportsoorte stimuleer en die verhouding tussen die verskillende koshuise bevorder.

* * *

Wat die sokker betref, merk ons dat daar baie spelers in die verskillende koshuise is wat ons huidige eerstespanspelers opdraande gee. Mnr. van der Mest, 'n eersteligaskeidsregter in Wes-Transvaal is die mening toegedaan dat ons goed sal kan vaar in die liga as hierdie koshuisspelers hulle bereid wil verklaar om vir die Pukkies op die veld te draf.

# 0-20 Span vertoon stewig

Die Puk se 0/20 A-span het hulself op Saterdag 25 April deeglik bewys deur Klerksdorp se O/20 A-span met die kous oor die kop huis toe te stuur. Die Puk O/20 span was deurentyd baas van die velballon. Die span speel goed saam en ons kan baie van hulle verwag. Onder die voorspelers is dit Vaatjie van der Merwe (kaptein) wat die manne om die bal organiseer.

Dries du Plooy (onder-kaptein) sorg self goed vir sy agterspelers, en dit is juis hulle wat die bal so vinnig laat loop vir die twee vinnige vleuels. Die manne is knaend op die bal. Die O/20 A-span moet nou nog net op taktiek konsentreer, en die span kan hierdie jaar nog berge versit.

## Navy wen teen Goldfields

In 'n wedstryd vol hoogtepunte het Navy verlede Saterdag in die voorwedstryd op Carletonville met sprankelende rugby vorendag gekom en die tweedespan van Goldfields-Wes naelskraap met 20—19 geklop. Die rustydtelling was 6—5 in Goldfields se guns.

Teen die swaarder pak voorspelers van Goldfields kon die Pukke nie veel uitrig in die vaste spel nie, maar in die los was hulle hul teenstanders oor. Hier het veral Das Schoeman en Paul du Plessis die oog gevang.

Onder die agterspelers het die O/20-losskakel, Dries du Plooy, puik spel gelewer. Met goeie breekslae, uitstekende skopwerk en die vermoë om sy agterlyn vinnig weg te stuur, het hy getoon dat hy reeds ryp is om in die Eerstespan opgeneem te word. Du Plooy het 'n goeie diens van skrumskakel Raman gekry, terwyl senter Chris Aucamp en vleuel Doepie du Plessis (voor sy besering) ook uitgeblink het.

Die punte het gekom as gevolg van 'n pragdrie deur Aucamp, drie drieë deur Das Schoeman en vier vervyfskoppe deur Du Plooy.

Die ander uitslae van Saterdag was as volg:

P.U. O/20B 23, Goldfields O/20, 0; P.U. III 11, Goldfields III, 3.


# BELANGSTELLING AAN TAFELTENNISFRONT

Onder aanvoering van hulle nuwe kaptein, Andries van der Walt, toon die P.U.-Tafeltennisklub weer nuwe belangstelling en toon die Klub reeds 'n ledetal van nagenoeg 30 spelers.

'n Hele aantal wedstryde is alreeds iets van die verlede en ofskoon die Mans A-span albei hul ligawedstryde verloor het, het die Mans B-span wat ook aan die eerste liga deelneem in beide hul wedstryde gelykop beslissings afgedwing. Die Mans A-span het onderskeidelik met 9-1 en 6-4 teen Leon Lewis en die Jeugsentrum die onderspit gedelf terwyl die B-span met 5-5 gelykop gespeel het teen verlede jaar se wenners Leon Lewis en ook gelykop teen Wolmaransstad. Die C en D-spanne kon nie die mas opkom teen Klerksdorp Munisipaliteit en Leon Lewis nie.

Daar is 'n toenemende en groeiende belangstelling te bespeur onder beide die mans en dames. Spelers wat tot dusver die oog gevang het is Riana Boshoff en Petro de Beer en onder die mans se geledere vertoon Pieter van der Walt, Chris v. d. Walt, Toppie Markgraaf en „Fides" Viljoen goed. Die Tafeltennisklub nooi alle belangstellendes uit om tafeltennis te kom speel: hulle oefen Woensdagmiddae en Vrydagmiddae van 2-5 nm.

*Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Eienaars en uitgewers: Die S.R. van die P.U. vir C.H.O.*



**Piet Goosen, die briljante jong Pukstoeier, in aksie. Goosen het vanjaar op die S.A.-spele landswye bekendheid verwerf, toe hy o.a. met twee Springbokke in sy gewigsafdeling afgereken het om die goue medalje te verower.**

**Foto: FOTOKUNS.**

# Nuwe bestuur vir P.U. Stoeiklub saamgestel

Aangesien mnre. Piet Goosen en Quax Hakkesteeg bedank het uit die Stoeiklub, is dit nodig geag om 'n nuwe stoei-bestuur te kies. Die nuwe lede is: Jurie Viljoen (Kaptein); Jasper Brand (O/kaptein); Paul Grundlingh (Sekretaris); Frik Erasmus (Penningmeester); Leon Wolmarans en Dirk Bosman (Add. lede).

Die nuwe bestuur wil 'n beroep doen op alle manstudente wat belangstel om die Stoeiklub te ondersteun. Die klub het op die oomblik 13 aktiewe lede aangesien Piet Goosen nog vir die Puk sal stoei. Daar word nou met mnr. Koekemoer onderhandel in 'n poging om 'n afrigter vir die Stoeiklub te verkry. Die klub sal alle stoeigeesdriftiges hartlik verwelkom.

Hierdie foto toon Piet Goosen in 'n kenmerkende houding waar hy besig is om een van sy teenstanders vas te druk. Piet Goosen het vanjaar tydens die S.A. Spele 'n goue medalje verower.

## Uitsaaistasie vir Studente

**Op die campus van die Wayne Staatsuniversiteit in Detroit het die studente so 'n eie uitsaaistasie. Hierdie campus-uitsaaistasie saai gereeld 'n vyf-minute Campus-nuusprogram uit, sedert die einde van Januarie hierdie jaar. Die program „Rondom Wayne" word gereeld elke twee weke gehoor. Enige universiteitsorganiesasie mag hierdie program gebruik om inligting uit te saai.**

**GISELA MAIWALD**
*Fotograaf en Fotografiese Dienste*
TOMSTRAAT 100 — POTCHEFSTROOM

Die Bruidshoekie
TELEFOON 315 KERKSTRAAT 106
*Die winkel vir die Bruid en haar gevolg*